# KOKKEDOOR 4 INSKRYFVORM

## SLUITINGSDATUM: Sondag 12 Julie 2026

**Kokkedoor-kokke**

Kokkedoor se onthoukokke en kinkelkokke begeester almal met hul entoesiasme, kooktalent en vernuf in die kombuis.

**Onthoukokke** is die fakkeldraers vir onthoukos en al het hulle nie formele sjefs-opleiding en professionele ondervinding nie, klop hulle harte warm vir tradisionele kos. Vir inspirasie span hulle herinneringe en beproefde metodes van ma’s, oumas en tannies uit die huiskombuis in. Onthoukokke word gekies vir hul vernuf as 'n huiskok en hul kennis en passie vir onthoukos.

**Kinkelkokke** se uitdaging is om hul sjefskwalifikasies, professionele kombuis-ervaring en uitstekende tegniese vaardighede vir vernuwing in te span. Kinkelkokke word gekies vir hul kwalifikasies en/of hulle ondervinding in 'n erkende restaurant en professionele kombuis (nie 'n braai restaurant of koffiekroeg nie.)  Slegs ‘n Huishoudkundegraad aan ‘n universiteit is ook nie voldoende kwalifikasie vir dié kategorie nie.

Onthoukokke en Kinkelkokke inspireer mekaar; elkeen bring iets spesiaals na die tafel toe. As span bewys hulle dis moontlik vir tradisie en vernuwing om hande te vat. Saam neem hulle onthoukos die toekoms in.

Indien jy enigsens onseker is oor die kategorie waarbinne jy val, **kontak ons gerus, of merk by kategorie: Onseker**, en die beoordelaars behou dan die reg voor om jou in die regte kategorie in te deel. Jy onderneem ook dan daarmee om te berus by watter kategorie hulle jou ookal vlgs hulle oordeel indeel.

Foto

In watter kategorie skryf jy in:

☐ Onthoukok

☐ Kinkelkok

☐ Onseker

Eerste naam (noemnaam in hakies)

Van

Fisiese adres

Posadres

Selfoonnommer en enige sosiale media adresse

Landlyn

Alternatiewe kontaknommer

e-pos adres

ID nommer

Ouderdom

Huidige beroep en hoe lank is jy al in die beroep?

Enige ander beroepe voorheen beoefen?

Geniet jy jou huidige beroep?

Het jy al ooit professioneel gekook? Indien ja, gee besonderhede

Het jy enige professionele kook-kwalifikasies? Gee besonderhede sowel as instansie waaraan jy die kwalifikasie behaal het.

Het jy al aan enige kookkompetisies of demonstrasies deelgeneem? Gee besonderhede.

Vertel ons hoekom is JY die een vir Kokkedoor? (minimum 600 woorde/maksimum 1000 woorde).

Jy nooi kuiermense vir ‘n uithang aansit-ete. Wat is die geleentheid en wat is op jou spyskaart?

Vir wie kook jy die graagste en wat dink hulle van jou kos?

Het jy vir enige van die vorige Kokkedoor/Koekedoor-reekse ingeskryf en hoe ver het jy gevorder?

Het jy al oudisies gedoen vir enige televisieprogram en/of aan ‘n televisieprogram deelgeneem? Gee besonderhede.

Indien jy die vorige reekse van Kokkedoor gekyk het, met watter deelnemer assosieer jy die meeste en hoekom?

Is jy bereid en is dit moontlik om vir ongeveer 4 weke van jou beroep, jou huis, familie en vriende af weg te wees?

Is jy getroud, enkellopend, geskei, of bly jy saam met ‘n lewensmaat?

Bly jy op jou eie, saam met jou gesin, by jou ouers, ens? Brei asb uit.

Het jy susters of broers? Of kinders? Brei asb uit.

Wat is jou grootste droom in die lewe?

Wat was die grootste prestasie in jou lewe?

Wat maak jou regtig gelukkig?

Wat, volgens jou, is jou persoonlike sterkpunte?

Wat, volgens jou familie en vriende, is jou swakste eienskappe?

Watter eienskappe of gedrag van ander mense irriteer jou?

Wat maak jou kwaad?

Watter geregte is jou gunstelinge om te maak/waarvoor jy bekend is?

Watter kospersoonlikhede (plaaslike en internasionaal) inspireer jou?

Wie het jou leer kook?

Is jy lid van enige kosvereniging? (soos VLV, eetklub ens.) Gee besonderhede.

Hoekom wil jy aan Kokkedoor deelneem en wat wil jy graag vir jouself daarmee bereik?

Ken jy enigiemand, is jy vriende met, of, het jy al saam met enigiemand gewerk, wat betrokke is by die produksie van Kokkedoor (voor en/of agter die skerms)? Gee besonderhede in detail. (Dit sal nie teen jou tel nie, maar moet net vooraf verklaar word en is uiters belangrik vir die wetlikheid van die proses vorentoe.)

Handtekening

Datum